Die Verbondsteologie, die Uitverkiesing en die Besprinkeling van Babatjies

Die Bybel leer ons dat God se genade in al sy vorme, deur geloof na ons toe vloei. *"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof"* (**Ef.2:8**). In teenstelling hiermee leer die besprinkelingsteologie dat die doop krag het om sondes af te was, dat dit nodig is vir saligheid en dat dit 'n persoon in die kerk inlyf. Dit is veral tragies dat wanneer jy met sommige lidmate praat, jy uitvind dat hulle na jare in hulle kerk nog nie weet wat die amptelike leerstelling van die institusie is waaraan hulle behoort nie. Om dit vir hulle te bewys moet jy eers vir hulle uit hulle amptelike dokumente aanhaal.

Uit die Nederlandse Geloofsbelydenis haal ons die volgende aan:

> *"Deur die doop word ons in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltemal sy eiendom te wees..."* (Artikel 34).

Uit Bevrydende Waarhede – Oor die karakter van die gereformeerde belydenis (bl.52) geskryf deur Dr.W.D. Jonker, haal ek die volgende oor die suigelingsdoop aan:

> "*Die doop word dus verstaan as teken en seël van Gods genadeverbond. Dit betuig en beseël wat die bloed en die Gees van Christus* ***inwendig in die gedoopte doen: die reiniging van sondes en die wedergeboorte....Die doop doen aan die kindertjies dieselfde wat die besnydenis aan die Joodse volk gedoen het"*** (My beklemtoning).

Om te illustreer dat die leerstellinge i.v.m. die besprinkeling van suigelinge iets is wat nie met die Hervorming deur Luther-hulle gehervorm is nie en wat uit die Katolieke Kerk na Protestantisme oorgedra is, haal ons uit Dave Hunt se The Berean Call van Februarie 1990, aan. Hy kwoteer uit verskeie kategismusse en geloofsformuliere; Vatican II van die Rooms Katolieke Kerk verklaar die volgende:

> *"By baptism men and woman are cleansed from original sin and from all personal sins, they are born again as children of God..."* (Vatican Council II, Costello Publishing, Vol.2, bladsy 391);
>
> *"Baptism is also to be given to infants...(that) they may be born of water and the Holy Spirit to divine life in Christ Jesus"* (Vol.2. bladsy 391). Uit Luther se Small Catechism haal hy die volgende aan: *"Holy Baptism is the only means whereby infants...can ordinarily be regenerated....it works forgiveness of sins... delivers from death and the devil and gives eternal salvation..."*

As alles wat hierbo geskrywe staan, waar moet wees, as antwoord op die vraag: "Wat moet ek doen om gered te word?" hoef ons dan net te antwoord: "Laat jou doop of besprinkel".

Op die vraag van die Etiopiër: *"Hier is water. Wat verhoed my om gedoop te word?"* (Handelinge 8:36), antwoord Filippus: *"As u glo met u hele hart, is dit geoorloof"* (Hand. 8:37, 1933/1957 vertaling).

Hierdie beginsel word in **Handelinge 2:41** bevestig:

> *"Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop..."* In Handelinge 8:12 lees ons*:* "*Maar toe Filippus die evangelie van die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus aan hulle verkondig het, het hulle gelowig geword, en mans sowel as vrouens is gedoop."*

Toe die bewaarder Paulus en Silas vra wat hy moet doen om gered te word, was hul antwoord steeds dieselfde: *"Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin"* (Hand. 16:30-31). Sommige redeneer dat omdat hele huisgesinne gedoop is, dit babas moes ingesluit het. As daar na die konteks gekyk word sien ons dat: *"...die woord van die Here aan hom en aan* **al**

die mense in sy huis..." verkondig is (vers 32). Vers 34 beskryf dan: *"Hy en* **sy hele huisgesin** *was vol blydskap omdat hulle nou in God geglo het"* (Hand.16:32-34, my beklemtoning). As, volgens sommige se redenasie, die huisgesin ook suigelinge ingesluit het, beteken dit dat die babas ook die Woord verstaan en aangeneem het en dat hulle daarna ook vol blydskap was! 'n Huisgesin hoef nie noodwendig babatjies te hê nie. In Handelinge 18 word daar weer melding gemaak van 'n hele huisgesin wat tot geloof gekom het.

> *"Krispus, die hoof van die sinagoge, en sy hele huisgesin het tot geloof in die Here gekom. Ook baie ander mense in Korinte wat* ***die boodskap gehoor het, het gelowig geword en is gedoop"*** (Hand.18:8, my beklemtoning).

Die beginsel word weer duidelik gestel; mense het die boodskap gehoor, dit geglo, en is daarna gedoop.

Dit is eienaardig dat soveel eenvoudige beginsels in die Nuwe Testament geïgnoreer word en 'n ingewikkelde doktrine geformuleer word deur gebruik te maak van Ou Testamentiese verbondsteologie. Die bevel van Jesus het vandag nog betrekking:

> *"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het"* (Matt.28:19-20).

As daar geglo word dat die suigelingdoop, of enige ander vorm van doop, mense kan red of deel van die kerk maak, dan word die kerk 'n instrument waardeur saligheid op 'n uiterlike manier aan mense oorgedra kan word. So word dit dan ook in sommige geloofsbelydenisse gestel. In Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word die volgende oor die kerkorganisasie gesê:

> *"Ons glo – aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van dié wat salig word en daarbuite geen saligheid is nie...dat...almal verplig is om hulle daarby aan te sluit..."*

Dus is saligheid nie deur Christus nie, maar deur die kerk. Om saligheid deur die doop, of deur enige ander fisiese daad aan te bied, is 'n ernstige afdwaling van Nuwe Testamentiese waarheid wat die ewige bestemming van siele in gevaar stel.

Voorstanders van die besprinkeling van suigelinge redeneer dat die verbond wat God met Abraham gemaak het, ook op die kerk betrekking het. In plaas daarvan dat babatjies besny word, word hulle nou besprinkel om sodoende van hulle verbondskinders te maak. Alhoewel nie een enkele logiese Skrif ter stawing aangehaal kan word nie, verklaar hulle geloofsbelydenis dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het. Sommige gaan ook so ver om te verklaar dat die kerk nou ook die plek van Israel ingeneem het en dat al die beloftes aangaande die Jode, nou op die kerk betrekking het. Wat in aanmerking geneem moet word is die feit dat in Jesus Christus, die beloftes aan Abraham tot vervulling gekom het. Deur geloof in Jesus word beide Jood en heiden deel van die Nuwe Testament. Niemand kan deel hê aan die Nuwe Testament deur enige uiterlike daad nie; dit kan net gebeur deur 'n persoonlike geloof en oorgawe aan Jesus Christus. Hiervan sal elke gelowige 'n persoonlik getuienis in sy hart hê.

Onvoorwaardelike Uitverkiesing

Die doktrine van onvoorwaardelike uitverkiesing is gebaseer op wat byna vier honderd jaar gelede, in 1618 in die Hollandse stad Dordrecht, geformuleer is. Die doel van die vergadering was om 'n geloofsbelydenis te formuleer wat wal moes gooi teen die groeiende weerstand teen die leerstellings van Johannes Calvyn.

Onder punt nommer sewe van die Dortse Leerreëls word die uitverkiesingsleer so verduidelik:

> *"Hierdie uitverkiesing is 'n onvoorwaardelike voorneme van God, waardeur Hy voor die grondlegging van die wêreld 'n sekere menigte van mense uit die hele menslike geslag uitverkies het, alhoewel hulle nie beter of waardiger is as die ander nie, maar in die gemeenskaplike ellende saam met die ander lê."*

Aanhalings uit sekere kerke se belydenisskrifte wat die implikasies van die Uitverkiesing en Predestinasie leerstellings illustreer

"Dat God ***aan sommige mense in die tyd die gawe van die geloof skenk en aan ander dit nie skenk nie,*** *volg uit sy ewige besluit...Volgens hierdie besluit maak God die harte van die uitverkorenes genadiglik ontvanklik – hoe verhard hierdie harte ook al mag wees –* ***en buig hulle tot geloof"*** (*Dordtse Leerrreëls,* no.6, uit *Psalms en Skrifberymings* gebruik by N.G.Kerk, Gereformeerde Kerke en N.H. Kerk in Suid – Afrika, my beklemtoning).

"God is barmhartig, aangesien Hy ***dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek*** *en verlos; God het hulle, uit louter goedheid...in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies...****God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly*** *waarin hulle hulleself gewerp het"* (*Nederlandse Geloofsbelydenis*, Artikel16, uit *Psalms en Skrifberymings* gebruik by N.G.Kerk, Gereformeerde Kerke en N.H.Kerk in Suid – Afrika, my beklemtoning).

Dit is moeilik om te verstaan dat mense kan verkondig dat terwyl God die mag het om verharde harte tot geloof te "buig," Hy dit vir sekere mense nie doen nie en toelaat dat hulle vir ewig vedoem word! Geen wonder die titel van Dave Hunt se boek waarin hy Calvinisme bevraagteken, *What kind of Love is this*, is nie.

Kindertjies van ouers wat lidmate is van denominasies wat aan die uitverkiesingsleer glo, word outomaties as uitverkorenes beskou wanneer hulle as suiglinge gedoop word en as lidmate deur katkisasie in die kerk aangeneem word.

Hand aan hand met die besprinkelingsteologie en die uitverkiesingsleer, loop die lering dat die mens nie 'n vrye wil het nie.

As daar mooi gekyk word na die aanhaling uit die Dortse Leerreëls, sal gesien word dat volgens hierdie leerstelling, dié wat nie deur God uitverkies is nie, vir 'n ewige verdoemenis bestem is. Nie dié wat tot saligheid uitverkies is of dié wat tot die hel verdoem word, het enige sê in hulle lot nie. Alles geskied volgens die soewereine wil van God. As jy nie deur God uitverkies is nie, kan jy niks aan die saak doen nie. Daar word geglo dat elkeen se bestemming vooraf deur God bepaal word. Die logiese gevolgtrekking van hierdie tipe redenasie is dat God die stigter van sonde en rebellie teen Homself is! Om te illusteer wat die logiese uitvloeisel van die uitverkiesingsleer behels haal ons aan uit die Beeld van 16 Oktober 2002 (bl.8) waarin verslag gelewer word oor die NG Kerk se algemene sinode van 2002:

"Algemene kerktaal soos dat iemand hom moet bekeer om gered te word, of haar hart vir Jesus moet gee, kan ernstige dwaling bevat. Die algemene sinode het 'n verslag aanvaar wat waarsku teen taal wat die indruk kan wek dat 'n mens self bydra tot sy of haar redding. Die suiwer leer is dat die redding alleen uit God se genade gebeur. Ander frases wat 'n dwaling kan bevat, is die 'weg van saligheid' wat impliseer dat 'n mens sekere stappe moet doen om gered

te word, en selfs die siening dat 'jy moet glo' om gered te word" (www.koerantargiewe.media24.com).

'n Logiese afleiding wat gemaak kan word deur te kyk na wat op hierdie sinodesitting bespreek is, is dat bekering en geloof as menslike dade nie nodig is om gered te word nie! Omdat mense se ewigheidsbestemming op die spel is, is dit noodsaaklik dat hierdie gevaarlike leerstelling vergelyk word met wat in die Skrif geskrywe staan.
Dwarsdeur die Skrif sien ons hoedat mense in situasies beland waar God van hulle verwag om hulle eie morele besluite te neem. Neem Adam en Eva as 'n voorbeeld. God gee aan hulle 'n bevel; van al die bome mag hulle eet, behalwe van 'n spesifieke een. As hulle nie 'n vrye wil gehad het nie, hoekom word daar vir hulle 'n bevel gegee wat hulle moes gehoorsaam. Hoe kan iemand geoordeel en gestraf word vir iets waaroor hulle buitendien geen beheer het nie? As ons geen beheer het oor die morele besluite wat ons moet neem nie, en alles wat ons moet doen vooraf deur God bestem is, hoekom moet ons eendag voor die regterstoel van Christus verskyn om verslag te doen van al ons dade?

> *"Ons moet egter almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad"* (2 Kor.5:10).

In Deuteronomium 30:19 word die volk van die Here ook voor 'n keuse gestel:

> *"Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en die dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe sodat jy en jou nageslag kan lewe."*

In Lukas 13:34 roep Jesus oor Jerusalem uit:

> *"Jerusalem, Jerusalem...hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar maak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke*, ***maar julle wou nie****"* (my beklemtoning).

Die laaste hoofstuk in die Bybel eindig met hierdie uitnodiging:

> *"Die Gees en die bruid sê: 'kom!' ...elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet"* (Open.22:17).

Hierdie is maar 'n paar voorbeelde wat uit die Bybel aangehaal word om te bewys dat daar van mense verwag word om morele keuses te maak.
Dit is tragies dat baie min mense iets weet van die vervolging van gelowiges, nie net deur die Rooms Katolieke Kerk nie, maar ook deur Calviniste en Lutherane. Dit omdat die Ana-baptiste, of die "wederdopers", soos daar met minagting na hulle verwys is, nie met die leerstellings van Calvyn, Luther en die Roomse kerk saamgestem het nie. Die periode om en by 1529 word deur sommige geskiedskrywers beskryf as van die donkerste tye van die Hervorming. Die Ana-baptiste wat nie met die Roomse kerk, die Calviniste en die Lutherane oor die lering omtrent die doop saamgestem het nie, is as ketters verklaar. Eers is die "wederdopers" net boetes opgelê of in die tronk gegooi. Later is sommige van hulle as ketters tot die dood veroordeel; Leiers soos Mantz en Blaurock is tereggestel (Mantz is verdrink in die Limmatrivier). In 1528 is 'n amptelike edik uitgeryk wat verklaar het dat alle Ana-baptiste met die dood strafbaar was! Dit is skokkend om te lees hoe hulle gepoog het om hulle teologiese siening voor te lê vir bespreking en hoe daar geweier is om na hulle te luister! Gedurende die tyd van die Hervorming het hulle 'n verskriklike tyd van vervolging deurgemaak. Ons lees hoe hulle uit hulle huise uitgeskop is, hoe hulle eiendom gekonfiskeer is en hoe hulle uit hulle vaderland

verban is. Baie is met die swaard doodgemaak, ander is op vuurstapels verbrand terwyl ander verdrink is. Die geskiedkundige, Günther S. Wegener, haal uit 'n brief, gedateer 19 Augustus 1544, aan wat Landgraaf Philip van Hesse aan die keurvors van Sakse geskryf het. Die landgraaf kla daarin dat vir elke "fanatikus" wat tereggestel word, twintig ander mense sy geloof aanneem, gemotiveer deur die manier waarop hy sterwe (*Die Lewende Kerk,* bladsy 174-180).
Calvyn het sy godsdienstige idees deur wette op die mense van Genève afgedwing en oortredings is met tronkstraf, lyfstraf, verbannings en verbranding op die vuurstapel gestraf! Calvinisme het versprei en 'n groot invloed, veral op die lande van Wes-Europa, uitgeoefen. In baie lande is dit as die godsdiens van die staat aanvaar. Ook in Suid-Afrika het dit 'n groot rol gespeel. Waar wettiese godsdiens en politieke mag in dieselfde hande beland, kan die gesindheid teenoor dié wat daarmee verskil, soms uitermatig vyandiggesind en wreed raak. Gedurende die Hervorming is vervolging in die Naam van die Here uitgevoer! Vandag nog, alhoewel daar godsdiensvryheid bestaan, word dié wat dieselfde Bybelse beginsels as die Ana-baptiste aanhang, nog steeds deur sommige mense wat deur Calvinisme beïnvloed is, as sektes en "wederdopers" gebrandmerk.
Teenstrydig met die Uitverkiesingsleer wat verklaar dat net 'n selektiewe groepie gekies word om gered te word, sê die Woord van die Here dat God wil hê *"dat **alle** mense gered word en tot 'n kennis van die waarheid kom"* (1 Tim.2:4, my beklemtoning). Ten spyte van wat die Bybel so duidelik verklaar, leer Calvinisme dat Jesus se uitnodiging aan *"almal"* wat vermoeid en belas is, net betrekking het op 'n uitverkore groepie bevoorregtes. As Jesus weet dat Sy Vader net 'n beperkte groep mense wil red, waarom nooi Hy dan almal om na Hom toe te kom? Daardeur sou Hy mense valse hoop gee. Om te probeer verduidelik dat die *"almal"* in die Skrif net 'n beperkte aantal beteken, is om die eenvoudige betekenis van woorde te ignoreer.

Volgens die ou vertaling van die Afrikaanse Bybel word daar in Romeine 8:29 en in 1 Petrus 1:2 verklaar dat uitverkiesing geskied volgens die voorkennis van God. Eenvoudiger gestel beteken dit maar net dat omdat God buitekant tyd bestaan (Hy het tyd gemaak), kan Hy jou geboorte en jou dood op dieselfde oomblik sien en daarom weet Hy wat elkeen gaan besluit. **Om voorkennis te hê beteken nie dieselfde as om vooraf te beskik nie.** As dit kom by die verwerping van die genade van God wat in Jesus Christus vir alle mense beskikbaar is, kan niemand God se voorkennis as verskoning aanbied nie, want dit is 'n geheim wat God vir Homself hou. God se voorkennis kan dus geen rol speel in wat 'n persoon gaan besluit nie. Alhoewel God vooraf weet wat elke mens gaan besluit, beteken dit egter nie dat Hy gaan inmeng om iemand se wil te dwing nie.
Die Skrif verklaar dat ongelowiges *"...se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie"* (2 Kor.4:4). Volgens hierdie vers en teenstrydig met wat die uitverkiesingsleer verkondig, is dit nie God se soewereine wil wat verhoed dat mense gered word nie, maar is dit die gevolg van die invloed van Sataniese misleiding. As alles vooraf deur God gepredestineer is in terme van wie gered en wie verlore moet gaan, en dat die mens of Satan niks aan die saak kan doen nie, waarom dan al die konflik?
As daar iets soos onweerstaanbare genade was, hoekom sou dit vir Satan nodig wees om mense vir die waarheid van die evangelie te verblind? **As die doktrine van die uitverkiesing die waarheid was, sou dit ook nie vir Satan nodig wees om met sy misleiding van mense voort te gaan nie, want hulle sou alreeds deur God self tot die ewige vuur verdoem gewees het. Daar sou dan nie vir Satan werk op aarde wees nie!**

Die ingewikkelde manier waarop hierdie leer aan mense verduidelik word, veroorsaak dat daar by baie onsekerheid oor hulle saligheid bestaan. Die Bybel, daarenteen, stel dit tog so duidelik: *"Hierdie brief skrywe ek vir julle sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het..."* (1 Joh. 5:13).

Baie lidmate word verwar deur die feit dat daar na hulle verwys word as die "verbondsvolk." Van watter verbond word gepraat? By watter verbond word 'n persoon ingelyf wanneer hy as 'n babatjie besprinkel word; die Ou verbond wat God met Abraham gesluit het of by die Nuwe Testament? Ons het alreeds verduidelik dat 'n persoon net deur persoonlike bekering en wedergeboorte, deur geloof, deel kan hê aan die seëninge van die Nuwe Testament. As daar geglo word dat 'n persoon deur die suigelingsdoop deel gemaak word van die ou verbond met Abraham, waar pas die Nuwe Testament dan in? Onlosmaakbaar verbonde aan die verbond wat God met Abraham gemaak het, was die Beloofde Land (Genesis 17). Moet daar pogings aangewend word deur die "verbondsvolk" om daarheen te trek?

Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074